Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 22 Nov 2017
Page: 3

AVE: 24536.24
Circulation: 45000
Part: 1 of 1

Plaaswerk help stoeier sukses behaal

Van verantwoordelikheid en selfdissipline kan mens vir Edrich Nortjé niks leer nie. Dié gr. 11-leering aan die Hoërskool Oos-Moot bly alleen in 'n woonstel in Pretoria om sy stoeidrome na te jaag. Foto: REG CALDECOTT

Wilhelm de Swardt

Baie mense is lief daarvoor om die woorde "dolle gejaag" te gebruik om die verloop van hul dag te beskryf en seker met reg.

As daar iemand is wat regtig die betekenis van "dolle gejaag" verstaan, is dit die 17-jarige Edrich Nortjé , 'n gr.11-leerling aan die Hoërskool Oos-Moot.

Hy begin sy dag deur te oefen, dan jaag hy huis toe om vir homself ontbyt te maak. Daarna is dit skool toe. Die middag oefen hy weer. In die aand as hy by die huis kom, berei hy aandete en doen huiswerk. Dinge raak nie regtig oor naweke makliker nie.

Nortjé beskou homself as 'n nie te slegte pizza-sjef nie. Die geheim van 'n goeie pizza kom volgens hom neer op goeie tydsberekening.

Die Tuks-stoeier kla nie oor sy alleenstryd nie, want hy is besig om sy droom uit te leef. Dit is om 'n kampioenstoeier te word. As daar na vanjaar se uitslae gekyk word, is hy beslis besig om iets reg te doen.

Hy is pas aangewys as die Tuks-stoeiklub se Stoeier van die Jaar en met goeie reg. Op die Kadet-wêreldbyeenkoms in Griekeland het hy negende in sy gewigsafdeling geëindig.

Nortjé het op die Kadet-Afrika-byeenkoms in Marokko 'n goue medalje verower en is die Suid-Afrikaanse kadetvrystylsowel as Grieks-Romeinse kampioen. Boonop is hy ook die Suid-Afrikaanse o.20-vrystylkampioen.

'n Plaasseun in murg en been ... Edrich Nortjé het die siek kalfie op sy skouers gedra toe hy maar net 15 jaar oud was.

Sy groot droom is om Suid-Afrika op die 2020- Olimpiese Spele in Tokio te verteenwoordig. Nortjé besef terdeë dit is 'n groot uitdaging, want hy sal dan maar 20 jaar oud wees. Die kans is goed dat hy veel ouer en sterker stoeiers op die mat sal moet pen en uitoorlê om dit reg te kry.

"My eintlik doelwit is die 2024-Spele maar ek kan waardevolle ervaring opdoen as ek vir die 2020-Spele kwalifiseer."

Nortjé het as sesjarige kannetjie die eerste keer in Dundee, KwaZulu-Natal, begin stoei. Kort voor lank is besef dat die "mannetjie" talentvol is. Dit was sy pa wat voorgestel het dat hy Pretoria toe gaan sodat hy nuwe "tricks" kan leer. Daarom bly hy nou op sy eie in 'n woonstel.

Edrich meen dis al die harde plaaswerk wat hom so sterk maak. Hier dra hy 'n skaap op sy familieplaas in Dundee, KwaZulu-Natal.

Volgens Nortjé bevoordeel die feit dat hy op 'n plaas grootgeword het hom beslis.

"Omdat plaaswerk so fisies van aard is, het dit my gehelp om vroeg al nogal sterk te raak."

Daar word baie stories vertel van die ouer legendariese stoeiers wat 'n kalf op hul skouers kon tel en daarmee rondloop. Nortjé kan saampraat. As 15-jarige het hy 'n siek week oue kalf opgetel en gedra. Sy pa het foto's daarvan geneem.

"Agterna was daar stories dat een van die redes waarom ek so sterk as stoeier is, is omdat ek op die plaas met kalwers oefen."

Nortjé gaan in Februarie aan die Afrika-stoeibyeenkoms in Nigerië deelneem. Daarna is sy plan om meer op sy studies te fokus sodat hy matriek agter die rug kan kry."

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.